# *Uit die redakteurskantoor*

’n Nuwe jaar en ’n nuwe jaargang van die tydskrif het aangebreek. Soos wat gewoonlik die geval is in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* dek hierdie eerste uitgawe van die jaar ’n spektrum van vakgebiede.
’n Nuwe rubriek met die titel “Taal en Tongval” sien ook die lig met as eerste bydraer prof. Ernst Kotzé.

Ook Eep Francken lewer weer ’n bydrae in *Varia*.

Ure se leesgenot word u toegewens.

Voornemende outeurs moet asseblief die webwerf van die tydskrif (tgwsak.co.za) gereeld besoek. Daar is reeds een wysiging aan die tydskrif se “Voorskrifte aan skrywers” en meer wysigings gaan volg.

**Oproep tot bydraes**

Die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* nooi belangstellendes uit om by te dra tot ’n spesiale uitgawe wat fokus op die transformerende rol van kunsmatige intelligensie (KI) op menswees, met ’n sterk klem op navorsing wat wesenlike en onverrekende gapings in die veld ter bespreking stel.

KI ontwikkel teen ’n merkwaardige tempo en herskep hoe mense leer, werk, kennis produseer en innoveer; tog bly die akademiese landskap wetenskaplik oningelig oor hoe KI ons menswees kan en gaan verander. Daar is ’n behoefte aan empiriese, konseptuele en toegepaste navorsing wat ons begrip in hierdie verband verbreed en waarop ons in hierdie spesiale uitgawe wil fokus. Die fokus is dus nié op artikels wat uitbrei op etiese kwessies of akademiese integriteit/plagiaat nie. Die bestaande literatuur dek hierdie temas reeds voldoende.

Skryf gerus aan die gasredakteurs: prof. Anné Verhoef (anne.verhoef@nwu.ac.za) en prof. Tobie van Dyk (tobie.vandyk@nwu.ac.za) sou u ’n artikel wou voorlê.

**Nerina Bosman**